NR. 15
SARIE WOON
2023/24

SARIE

# S WOON

*ons inspirasie*

ITALIË • GRIEKELAND • MOSAMBIEK • SUID-AFRIKA • FRANKRYK • PORTUGAL



## HUISE BETOWER MET 'N WÊRELD SE SKATTE & STYL

**'Ons plek op Corfu byna soos 'n groen Karoo**
Helene Visser

**Pienk omskep 'n ou Melville-jaglodge**
bl. 92

## GROOTSTE TRENDS
**70's se vrolike RETRO tot die EETKAMER herleef**

## *Leef* SONDER GRENSE

LEEF SONDER GRENSE

R160,00 (BTW INGESLUIT),
NAMIBIË N$160,00

23018
9 772076 014007

SARIE.com


Sien bl. 44



# Plaas in die Boland

Die ou Kaaps-Hollandse opstal van Boplaas vertel die storie van ons eie Europese voorgeslagte. Die dekorstyle van nou en gister is saamgevoeg om 'n plek van elegansie en gemak te skep. Hier word in pas met die natuur gelewe

**FOTO'S** HENRIQUE WILDING





▲ **BLIK NA BUITE**
Die ou hortjies en diep vensterbank wys hoe dik die mure is.

▲ **WERFHOENDERS**
Almal wat op die plaas kom kuier, is mal oor die hoenders. Hulle loop vrylik rond en jy vind hulle veral in die groentetuin waar hulle pik-pik skrop en kloek.

**Die pragtige ou opstal van Boplaas dateer uit 1890 en is oor geslagte heen goed opgepas. In 2014 het nuwe eienaars dit gekoop, maar hulle het niks aan die struktuur en karakter verander nie. Albei het wortels in Zimbabwe met 'n boerdery-agtergrond en verstaan die waarde van omgee vir die aarde.**

Net 'n paar lae wit verf, nuwe en ou meubels en erfstukke wat inpas by die outentieke gevoel, is gebruik om die huis te meubileer. Dit het vier slaapkamers, elk met sy eie badkamer, 'n formele sitkamer, 'n TV-kamer, aparte eetkamer en die allermooiste kombuis met sy eie vuurherd.

Die werf is heerlik koel met reusagtige ou akkerbome en uitgestrekte grasperke. Diep stoepe, so tradisioneel Suid-Afrikaans, is die ideale buite-onthaalplek en die lang diepblou swembad is digby. Die wit lêstoele daarnaas is vir bietjie droog bak ná jy geswem het, maar jy sal waarskynlik gou die koelte van die bome of stoep opsoek, want op Wellington weet die son hoe om te skyn.

Die toegekampte organiese groentetuin is 'n entjie weg en 'n prentjie om te sien. Daar is selfs 'n klein dam in die tuin en 'n malse grenadella-prieel. Skrophoenders loop vrylik rond en jy kan jou verkyk aan hoe die son op hul kleurvolle, blink vere speel.

Hier word geboer met vye, lemmetjies, skape en wingerd. En as jy mooi kyk, sal jy die troppie springbokke in die kampe sien wei. Die eienaars is veral trots op hul Longbarn Rosé in die Franse styl (navrae Tamryn Coles, boplaas.wellington@gmail.com of 082 825 1846). Dié wyn word in die skuur net agter die opstal gemaak en is die eienaar se groot passie.

Aangesien die huismense uitgebreide sakebelange het, woon hulle nie permanent op die plaas nie en deel graag hierdie droomplek, wat jy met 'n hunkerende hart gaan verlaat, met vakansiegangers. Daar is ook kleiner kothuise met verblyf.

**◂ WELKOM OP BOPLAAS** bl. 42
Die ruim voorportaal sê dadelik jy is op 'n historiese plaas. 'n Antieke Belgiese tafel is oorlaai met ou gemmerbierkruike van Piér Rabe Antiques (pierrabe.com). Die kroonkandelaar van soliede koper is van Pieter van Dijk (pietervandijk.co.za) en die Persiese mat is by 'n mathandelaar gekoop. Die geborduurde antieke Franse stoel en die prent in die hoek is familie-erfstukke.



**▸ DIE WIT MUUR**
Die lae wit muur, so kenmerkend van ou Bolandse plase, sorg dat die uitsig onbelemmerd is.





### ▲ ELEGANTE GEMAK

In die formele sitkamer is los linne-oortreksels vir die diep rusbanke gekies, met 'n verskeidenheid linne- en katoenkussings vir ekstra gemak. Die fokuspunt is die treffende skildery deur die Zimbabwiese kunstenaar Larry Norton. Dit het aan die man se oorlede pa behoort en het 'n spesiale plek in die huis en hul harte. Die simmetrie van die lampe en potplante lei die oog na die kunswerk. Die antieke kas, geelhoutplafon en houtdeure gee 'n warm gloed aan die vertrek.

### ▲ DROOMKOMBUIS

Boplaas se kombuis herinner aan 'n egte outydse Nederlandse een. Die glimmende koperpotte, handgemaakte kleiteëls op die vloer, 'n stoof uit die boonste rakke en handgeverfde blou-en-wit teëls van Michael Chandler (chandlerhouse.co.za) sê almal plaaskombuis. En kyk net die mooi ingeboude muurkas met sy swierige gewel.








**◀▲ EKLEKTIES**

**Heel links en bo** Die tweede sitkamer is eklekties gemeubileer. 'n Abstrakte skildery vermeng perfek met 'n botaniese kussing en 'n kruis uit Ethiopië. Ook hier is roomwit los oortreksels vir die banke gekies, met los dekens en kussings om lae en tekstuur te skep. Die ronde kunswerke regs is van die skilder Vanessa Berlein. Die ronde kunswerke links is houtskilde uit Afrika.

**◀ STOEPKUIERS**

Wellington is bekend vir sy warm somersdae. As die kraaie gaap, word die tafel op die koel stoep gedek en die swembad is digby.









**SPEL MET KURWES**
Die subtiele inbring van sagte kurwes met die bedkopstuk en klein laaikas langs die bed maak hierdie rustige slaapkamer interessant en gee dit Franse flair. Gestoffeerde en ongewone kopstukke is juis een van die jongste tendense. Die vertrek is afgerond met 'n seegrasmat, beddegoed en 'n moderne raffia-lampskerm.

**▲ EERS 'N STOORKAMER**
Die vertrek was eers 'n klein stoorkamer wat in 'n badkamer met 'n vrystaande pootjiesbad omskep is. Dit is een van die min veranderinge wat aan die huis aangebring is.

**▲ MODERNE NOSTALGIE**
**Regs bo** Die byderwetse oop stort en reghoekige porseleinwasbakke gee 'n kontemporêre gevoel aan die badkamer, terwyl die ou werktafel waarop die wasbakke rus en die diep hortjiesvenster weer 'n teenoorgestelde storie vertel.

**▸ MOOIMAAK-SPIEËL**
Die oorgroot ronde spieël is prakties en weerkaats terselfdertyd lig in die vertrek. Dit is ook 'n slim manier om die strak lyne van die wasbakke en tafel te versag.

**AS JY HIER WIL OORBLY**
**BOPLAAS**
SLAAPPLEK VIR 8
Besprekings en navrae:
Perfect Hideaways **021 790 0972 (kantoorure), 079 789 5459 (ná ure), perfecthideaways.co.za**




Sien bl. 70




# Kuns van kleur

Hierdie Victoriaanse huis staan in een van Kaapstad se ou keisteenstrate en is 'n geliefde tweede tuiste vir 'n Britse sakeman. Die lilapers fasade verklap al dat dit groot belofte inhou, maar nie hóé kleurvol en eklekties dit is nie

**FOTO'S** HENRIQUE WILDING



▲ **SWART AKSENTE**
Die veiligheidshek en traliewerk is swart geverf, wat mooi teen die lilapers fasade en die klipwerk afsteek.



▲ **HEMELBLOU**
Die voordeur maak oop na die leefruimte, waarvoor 'n pragtige blou gekies is. Die besonderse venster bo die deur is net so mooi.



Joe Phelan, wat in Londen gebore en getoë is, vertel hy kom die afgelope 15 jaar na Kaapstad vir vakansie én werk. Die De Waterkant-buurt was nog altyd sy eerste keuse vir verblyf. Die aantrekkingskrag vir hom is hoewel dit stad is, is jy steeds met die berg, natuur en see omring.

Toe die pandemie die wêreld tref en nog 'n inperking in Londen dreig, het Joe op 'n vliegtuig geklim en 'n huis in dié buurt kom huur. Hy het geen voorneme gehad om 'n eiendom te koop nie, maar toe 'n te koop-bord by die huis oorkant sy huurplek verskyn, was die koeël deur die kerk.

Die huis was eens op 'n tyd deel van die oorspronklike hotel, De Waterkant Lodge, en was soos 'n doolhof van kamers. Joe het die hulp van die binne-ontwerpers Dominic Touwen en Camilla Fraser ingeroep en saam het hulle beplan aan die pragtige kleure wat reg deur die huis gebruik is. Plaaslike vakmanne, vendusies, dekorwinkels en antiekwinkels is opgespoor om nommerpas items aan te skaf en elke meubelstuk is noukeurig gekies. Met van die lilapers fasade tot die smaraggroen kombuis verras die huis om elke hoek en draai. Joe, wat tussen Londen, die Midde-Ooste en Kaapstad reis, woon en werk, is passievol oor die kunste en kultuur, en sy huis moes sy nomadiese bestaan weerspieël.

Wanneer hy reis, verhuur hy die plek aan vakansiegangers. Daar is drie slaapkamers, elk met 'n en suite-badkamer, en twee loop uit op die binnehof, die eintlike hartklop van die huis. 'n Stokou druiweprieel gooi sagte skadu en 'n groot ingeboude bank met 'n swierige Kaaps-Hollandse gewel staan reg vir lang kuiers.

◂ **LILA VIR BUITE** **bl. 68**
Vir Joe is die verrassende lilapers van die huis perfek. Die rottangstoel is van Block & Chisel en kan binne of onderdak buite gebruik word.

▴ **TRAP NA DIE BINNEHOF**
Twee van die slaapkamers loop uit op die binnehof, met dié smal trap wat ook daarheen lei.

▸ **EKSTRA KUIERPLEK**
Op warm aande (en dae) word ure lank in die binnehof gekuier en selfs gewerk. Lekkerruik-plante soos sterjasmyn sorg vir kleur en groenigheid, terwyl die stokou druiweprieel skaduwee gee. Die plaveisel is in 'n visgraatpatroon gelê, en die groen-en-wit strepe van die ingeboude bank se bekleding pas by die natuurtema.





### ▲ ROOI EN MOOI

'n Ongewone kleur vir 'n slaapkamer, maar hier is dit treffend. Die ingeboude kaste is dieselfde skakering as die kopstuk geverf en 'n fyn bedrukte materiaal is binne die kasdeure geplaas vir ekstra tekstuur en patroon. Die ikat-materiaal (ikat is 'n Indonesiese kleurtegniek) vir die kopstuk en rooskussings kom van Whiteman & Mellor.



### ▶ KLEUR OP KLEUR

Die sitkamer met sy helderblou mure is die perfekte uitstalplek vir Joe se uitgebreide kunsversameling, waaronder hierdie ses Matt Smith-afdrukke van werke in die Pitt Rivers-museum in Oxford. Die roomkleur bank anker al die kleure in die vertrek, terwyl die ikat-lampskerms van Camilla Fraser dit optel.



### KLEURVOLLE VERWELKOMING

Die antieke Midde-Oosterse tafel, wat op 'n veiling gekoop is, is gebruik om 'n klein ontvangsarea in die sitkamer by die voordeur te skep. Die Kaapse antieke stoele is by Randall Hare Antiques gekoop en die foto-afdruk is 'n Kevin Mackintosh, genaamd *Philadelphia*. Die houtvloere is van alle vernis gestroop en behandel om soos gebleikte hout te lyk.



**SPOGKOMBUIS**
Hoewel Joe sê dat hy glad nie 'n kok is nie, wou hy 'n asemrowende kombuis hê. Swart-en-wit marmerteëls steek treffend af teen die heldergroen hoëglans-kombuiskaste. Die antieke tafel en riempiestoele verskaf 'n bietjie nostalgie. Kies werkvlakke van goeie gehalte, soos iets uit Caesarstone se wye reeks.





### ▲ APPELKOOSPIENK EN BLOU

Die fokuspunt van hierdie slaapkamer is die gewelkopstuk wat met Whiteman & Mellor se paisley-materiaal oorgetrek is. Dit steek mooi af teen die pastelkleur mure en skep 'n romantiese atmosfeer. Muurlampies verskaf sagte lig sodat daar meer ruimte op die delikate tafeltjies voor die bed is.

### ▲ SWART EN WIT MET KLEUR

**Bo regs** Die strak swart industriële stortdeure en geruite marmervloer word versag deur die rooi kassie, ikat-lampskerms en ligblou mure. Die gevoel is stille luuksheid.

### ▶ GEELGROEN EN WIT

Dié slaapkamer is Joe se gunsteling. Die mure is geelgroen, wit linne is vir die kopstuk en beddegoed gebruik en die kussings tel die kleure van die muur op. Die antieke tafeltjie se blad is met inlegwerk versier en ook hier is muurlampies pleks van tafellampe gekies.

**AS JY HIER WIL OORBLY**

**VINE HOUSE**

SLAAPPLEK VIR 6

Besprekings en navrae:

Perfect Hideaways **021 790 0972 (kantoorure), 079 789 5459 (ná ure), perfecthideaways.co.za**





### SOOS 'N SKULP

Die en suite-badkamer verras met sy interessante vloer van Moroccan Warehouse. 'n Vergulde spieël hang bo die wasbak van Victorian Bathrooms, wat netjies in 'n klein nis ingebou is.




Sien bl. 82



# Stille luuksheid

Villa Tafuri is naby die Italiaanse dorp Nardo tussen florerende plase geleë. Die argitektuur van die 15de-eeuse Barok-meesterstuk is pragtig bewaar, en die dekor minimalisties. Net soms herinner dit aan ons eie Weskus

**FOTO'S** PERFECT HIDEAWAYS



▲ **VAN VER AF**
Tafuri staan trots tussen die omliggende landerye.



▲ **OES VAN DIE PLAAS**
Besoekers kan die boorde en groentetuin benut.

Villa Tafuri was eens 'n versterkte fort wat die dorp teen die aanslae van vyande vanaf die Ioniese kuslyn trotseer het. Deesdae is dit asemrowende verblyf vir die eienaars of gaste. Nie net is die besonderse argitektuur bewaar nie, maar ook die interessante geskiedenis en kultuur van die provinsie Salento in die Puglia-streek.


Die dubbelverdiepingvilla, wat geleë is op vier hektaar ryk landbougrond, het ruim leefvertrekke, vier ekstragroot slaapkamers, twee luukse badkamers en 'n reuse-kombuis. Dit het ook genoeg kuierhoekies buite en 'n omheinde koelblou swembad om die lang somerdae te geniet.

Die groot tuin kyk uit oor olyf- en vrugteboorde asook wingerde. Gaste wat hier oorbly, kan vroegoggend gaan vrugte pluk en die opbrengs uit die groentetuin gebruik vir kook. Die winters is gematig en mens kan heeljaar ver in die veld gaan stap, of 'n piekniek pak en in die boord gaan eet. Teen skemeraand sit almal buite en hou die lig dop soos dit oor die boorde uitspeel of kuier voor die knus kaggel.

Villa Tafuri is die ideale plek om te kom afskakel van 'n gejaagde lewe. Hier en in die naburige dorpe gebeur alles teen jou pas. Italiaanse gasvryheid is aan die orde van die dag, almal is welkom en word gegroet soos 'n beste vriend, of jy nou die taal kan praat of nie.

Die villa lê net 'n paar kilometer van die Barok-dorpe Galatone, Galatina en Nardo. Al drie het verskeie historiese huise, kastele en *masserias* – historiese plase en buitegeboue wat met 'n muur omring is. Hier kan jy die heerlike kos van die streek by 'n outentieke restaurantjie eet en saam met die inwoners die nag onder die sterre op die dorpsplein omdans. Die streek is veral bekend vir heerlike brode, kaas en olywe, maar daar is soveel meer om te proe.

Ook die klein kusdorpies met weggesteekte strande en heerlike seekos het 'n bekoring wat verken moet word. As jy eers hier tuisgegaan het, sal jy altyd wil terugkeer na die mooi huis en streek.



**◂ EG ITALIAANS** bl. 80

Die ruim slaapkamer, met net die nodigste gemeubileer, se eenvoud steel jou hart. Tussen die twee gewelkopstukke hang 'n gelukbringer (*cornicello*) van koraal, wat in menige huis in die suide van Italië voorkom. Soortgelyke stoele is by eightdegreessouth.com te koop en so 'n mat by MRP Home. Om te pas by die gestroopte voorkoms is daar net hortjies voor die vensters en geen gordyne nie.

**▸ SKOONHEID VAN LEEGTE**

In party vertrekke, soos dié een met sy blokkiesvloer in terracottarooi en roomkleur wat na die kombuis lei, is niks anders as die argitektuur en volume nodig nie. Soek by shawtec.co.za vir soortgelyke teëls.





**MAMMA MIA!**
Die kombuis is elke kosmaker se droom. Dit het genoeg werkplek en natuurlike lig, en die groot glasdeure lei na die boord en groentetuin. Tot tien gaste pas gemaklik om die kombuistafel. Soortgelyke eetkamerstoele is by @home op bash.com beskikbaar. Later kan lekker verder gekuier word op die groot leerrusbank.



**NOG MINIMALISME**
Ook dié kamer is minimalisties ingerig met net 'n bed, kas en stoel. Die beddegoed is met rooi omboorsel versier en verskaf tikkies kleur saam met die turkoois muurligte en die rooi gelukbringer tussen die beddens.







**KNUS VOOR DIE KAGGEL**
Die twee mooi leunstoele staan styf teen die kaggel in 'n reuse-vertrek en skep 'n rustige hoekie as jy nie lus is vir groot gesels nie. Houtlander het ewe mooi leunstoele.

**▲ MOOI LIG**
**Links bo** Die ryklik versierde muurligte is met eenvoudige lampskerms gekombineer.

**▲ ENIG IN SY SOORT**
**Regs bo** Die groot versierde dubbel-wasbak pryk in een van die twee ruim badkamers. Die spieël wat horisontaal gehang is, aksentueer die vorm en grootte. Victorian Bathrooms (victorianbathrooms.co.za) het ewe mooi wasbakke, en pilvormige spieëls is by coricraft.co.za of yuppiechef.co.za te kry.



◄ **GEBOU OM TE HOU**
As jy kyk na die argitektuur en stewigheid van die gebou, kan jy verstaan hoekom die pragtige plek deur die eeue oorleef het.

▼ **LANG SOMERDAE**
Die swembad is omhein en beskut met genoeg lêstoele en meubels vir buitekuiers en sonliefhebbers.





▲ **AL FRESCO**
Van die lekkerste goed om hier te doen is buite eet – 'n leefstyl ook alte bekend in Suid-Afrika – en dikwels kom van die kos uit die tuin. Die kleurskema is selfs hier sag en rustig, nes die mure en keistene, met net tikkies groen om by die natuur om jou te pas.

**AS JY HIER WIL OORBLY**
**VILLA TAFURI**
SLAAPPLEK VIR 8
Besprekings en navrae:
Perfect Hideaways **021 790 0972 (kantoorure), 079 789 5459 (ná ure), perfecthideaways.co.za**



▶ Kies 'n lampskerm van growwe tou vir 'n hanglamp (R1 899), **Woolworths**

# Die voorkoms

'n Gestoffeerde kopstuk rond 'n bed mooi af, maar is nie altyd prakties nie. 'n Los oortreksel vir die kopstuk en voetenent wat maklik is om af te trek en te was is 'n slim oplossing, soos die Olivia-bed van Coricraft. Sien ook bl. 80

**HOOFFOTO** CORICRAFT





▲ Fyn rottang is aan 'n metaalraam geweef vir die rugleuning en sitplek van die stoel (R2 875), **eightdegreessouth.com**



▲ Gebruik die eikehouttafel in die kombuis of eetkamer (vanaf R16 950), **blockhouseonlineshop.co.za**



◀ Ligte en donkerder kleiteëls wat afgewissel word, maak 'n mooi vloer (R220 vir die ligte en R250 vir die donkerder teël), **shawtec.co.za**



▲ Hou olyfolie in die doelgemaakte terracotta-kan met kurkprop van die ontwerper Laurie Wiid (R3 200, BTW uitgesluit), **wiiddesign.co.za**



▶ Die ronde biesiemat is beskikbaar in twee groottes – 120 cm en 180 cm in deursnee (vanaf R1 150), **basketly.co.za**



▶ Die ekstragroot leerbank het 'n ingeleefde voorkoms (vanaf R26 995), **Weylandts**

**Produkfoto's** verskaf


Sien bl. 107



# Ou plaashuis nou spoghuis

Vier jaar lank het Michelle en Craig Opperman gesoek na 'n huis op die Franse platteland. Totdat hulle dié 16de-eeuse villa – 'n ou vervalle plaashuis – naby Montpellier raakgeloop het. Die kleure is sag en gedemp, met ryk teksture uit die Ooste tot die Weste

**FOTO'S** PERFECT HIDEAWAYS



**▲ UIT DIE OOSTE**
'n Bronskop, -armband en -kam wat in Thailand gekoop is, is op 'n kassie in een van die slaapkamers uitgestal.



**▲ MANDALA-PATRONE**
Die vrolike kussings met Afrika-geïnspireerde patrone en sirkels is in hul televisiekamer.



◂ **FYN BESKILDER** bl. 104

Die handgeverfde Julia Gray-bed staan in hul dogter se slaapkamer en is in San Francisco gekoop en na Frankryk verskeep. Hierby het Michelle geblomde kussings ingebring om by die skilderwerk te pas. Spierwit beddegoed is 'n skoon agtergrond vir die ander geel en roomkleur aksente van die kamer.

◂ **HOOFSLAAPKAMER**

Die moderne Lodewyk XVI-styl bed het Michelle in Frankryk gekoop. Hierby het sy 'n vergulde antieke spieël gekies en die sierlike krulwerk bo die bed komplementeer dit. Die laaikas en tafel langs die bed is ook twee antieke kopies wat sy in Frankryk raakgeloop het. Die skaapvelletjie op die vloer is 'n mooi herinnering aan die Karoo. Die vloerteëls is handgemaak om by die outentiekheid van die huis te pas.

Dikwels hoor jy watter uitdagings dit verg om 'n huis in 'n ander land te restoureer, maar vir Michelle en Craig Opperman was dit 'n positiewe ervaring. Hulle praat net met lof van die Franse vakmanne en Poolse bouers wat gehelp het. In 'n rekordtyd van 18 maande was die grootste verbeteringe aan die eens vervalle plaashuis klaar en kon Michelle, 'n binneontwerper, met die lekker deel van die uitdaging begin.**

Michelle en Craig het mekaar as studente aan die Universiteit van Kaapstad ontmoet. Hy is 'n plaasseun van Graaff-Reinet wat ingenieurswese (en later regte) studeer het, en sy 'n stadsjapie van Kaapstad wat literatuur en sielkunde studeer het. In 1991 het die twee na Kalifornië verhuis.

Die Oppermans is albei mal oor Frankryk en wou graag 'n plek daar besit. Sy sou twee of drie keer 'n jaar die lang vlug van Amerika af aanpak totdat sy op hierdie juweel in die suide afgekom het, versteek tussen heuwels, berge en riviere, met prentjiemooi dorpies tussenin. Dit is ook waarom die huis Belle Vallée gedoop is, wat "mooi vallei" beteken.

Die opstal staan op sewe hektaar grond met ou sipresse, laventelbosse, wingerde en olyfbome. Dit was erg verwaarloos en die restourasiewerk het fyn beplanning gekos. Michelle wou soveel as moontlik van die ou karakter van die huis vasvang en waar moontlik het hulle van die ou materiaal hergebruik. Nuwe boumateriaal is met oorleg gekies om by die huis te pas.


Die L-vormige huis is twee verdiepings hoog aan die een kant en drie verdiepings aan die ander kant. Daar is vyf slaapkamers, twee kombuise, 'n groot leefvertrek en 'n intieme klein sitkamer, asook 'n aparte drieslaapkamer-kothuis. Die vertrekke is oorgroot en die mure omtrent 'n meter dik. Hulle het dit met verskillende style antieke meubels ingerig wat hulle op hul vele reise versamel het.

Die Oppermans probeer minstens twee keer 'n jaar tyd op Belle Vallée spandeer. Die res van die tyd verhuur hulle dit aan vakansiegangers. Wanneer hulle daar is, woel en werskaf hulle gedurig in en om die huis en onthaal graag. Party oggende ry hulle met hul fietse na die naaste dorpie vir ontbyt, swem of ry na omliggende dorpe op soek na antiekware, en op koel aande maak hulle vuur in die groot herd.



**UIT SUID-AFRIKA**
Die Oppermans onthaal graag en die kombuis is warm en huislik. Die koperpotte kom uit Suid-Afrika en die keramiekbreekgoed van Amsterdam. Liggrys kaste met 'n bypassende marmerblad, tekstuurteëls en 'n diep porseleinwasbak skep die plaaskombuis-gevoel. Die koperpotte is in die kol en pas in by die tendens van metaalkleure in dekor.





### ◀◀ KOM SIT AAN

Die etenstafel is so gerangskik dat jy 'n uitsig oor die tuin het. Die tafel en stoele is nuut aangekoop in Frankryk. Chinese terracottabeelde uit die tydperk van die Han- en die Tang-dinastie staan op die eetkamertafel en is in Hongkong gekoop. Die tapisserie op die tafel kom van Isabelle Cajfinger in Amsterdam. Op die agtergrond staan 'n skaars Capucine-stoel wat ook in Frankryk gekoop is. Die handgekapte vloerteëls is hier mooi sigbaar.

### ◀ STUDEERHOEK

Die pragtige antieke Regentskapstyl mahoniehout-stoel het hulle in Suid-Afrika gekoop en staan by 'n Chinese lessenaar.

### ▼ STUKKIE GESKIEDENIS

**Links onder** Hier en daar is voorbeelde sigbaar van hoe die oorspronklike bouwerk gelyk het. By dit staan 'n seegroen antieke asynkruik uit die Qing-tydperk, wat in Hongkong gekoop is. Takkies uit die tuin is losweg hierin gerangskik.

### ▼ AAN DIE WAND


Die Chippendale-spieël hang in een van die gasteslaapkamers en die mideeuse skinkbordtafeltjie het Michelle op Plettenbergbaai gekoop.











### ◂ HEK NA DIE TUIN

Die hekke het Michelle by 'n skrootwerf in Provence raakgeloop. Dit is in nuutgeboude pilare geïnstalleer, wat kunsmatig verouder is om by die steenwerk van die huis te pas.

### ▾ UIT EIE BODEM

**Links onder** Die lieflike bronsbeeld deur Florian Wozniak rus op 'n lae muur by een van die onthaal-areas buite. Hulle het dit by die Everard Read-galery in Suid-Afrika gekoop.

### ▾ OU BOME

**Regs onder** Die pragtige aleppo-dennebome kan van ver af gesien word en gooi diep skaduwees oor wat voorheen die skuur was, maar nou die leefarea en slaapkamer op die boonste vloer is.

**AS JY HIER WIL OORBLY**
**BELLE VALLÉE**
SLAAPPLEK VIR 10
Besprekings en navrae:
Perfect Hideaways **021 790 0972 (kantoorure), 079 789 5459 (ná ure), perfecthideaways.co.za**

### ▴ SWEMTYD

**Links bo** Die antieke trog is van Provence en word gebruik as 'n wasbak. Die badkamer lei na die swembad en die leer is ophangplek vir die swemhanddoeke.


### ▴ EN SUITE-BADKAMER

**Regs bo** Die hoofslaapkamer se badkamer-blinding is gemaak van papiersirkels wat losweg op gaasdoek vasgesit is en Michelle het dit in die VSA gekoop. Teen die muur is 'n 17de-eeuse ets, en die bankie van leer en gepoleerde nikkel bied neersitplek vir badgoed.

### ▸ GRYS EN GOUD

Die besonderse spieël met sy vergulde houtraam spog met die Languedoc-distelpatroon en hang bo 'n doelgemaakte badkamerkas.







◀ Skep atmosfeer met so 'n metaallamp (R1 500), **masquerade.co.za**

# Die voorkoms

Die gesellige ingang gee die toon aan vir die res van die huis, soos die klipmure, sandsteenvloere en elegante gekurfde trapreling, wat eie is aan die styl van regte Franse villas. Sien bl. 104

**HOOFFOTO** PERFECT HIDEAWAYS





▲ Verskaf kleur aan die badkamer met 'n handdoek van suiwer katoen (R585, 100 x 180 cm), **thecottoncompany.co.za**



◀ Kussings met vere-vulkussings voel altyd luukser (R899, 60 x 60 cm), **thebedroomshoponline.co.za**



◀ Laat brand 'n paar kerse in die mooi kershouer vir sagte lig (R699), **Poetry**



▲ 'n Veeldoelige skryftafel in die Franse styl, beskikbaar in soliede eike- of essenhout (R13 995), **Block & Chisel**



'n Spieël met 'n vergulde raam is klassiek en elegant (R9 999), **@home**



◀ Natuurlike skaapvel voor die bed is sag onder die voete (vanaf R1 495), **madebyartisans.co.za**

Produkfoto's verskaf



Sien bl. 118



# Eden in die stad

Wanneer wêreldburgers hulle tuismaak in 'n voorstad van Kaapstad, kan die interieur net uitsonderlik wees. Met spatsels helder kleur, iets uit Afrika, die Ooste en Europa en die tuin 'n lushof het hulle hier 'n klein paradys kom skep

**FOTO'S** HENRIQUE WILDING





▲ **TYDLOSE ELEGANSIE**

So robuust en aards soos die Afrika-vertrek op die linkerkantse blad is, so elegant is die res van die huis met fyn teestelle en silwerware wat 'n meer Europese gevoel oordra.



**◂ MY HART IS IN AFRIKA** bl. 116
Hierdie binne-na-buite-vertrek weerspieël die wêreldburger Mary Chase se verbintenis met ons vasteland. Selfs sy, wat eindelose energie het, raak hier rustig. Ontleed jy die vertrek, is daar net wit en swart as basiskleur. Die geel mure verskaf warmte terwyl Afrika-patrone 'n ryk laag tekstuur gee. Die tropiese plante en rietplafon anker alles.

**▴ GESOFISTIKEERD**
Die sitkamer is formeel en gesofistikeerd sonder om styf en ongemaklik te voel. Die antieke bank wat Mary uit Europa saamgebring het, pas gemaklik by die ander meubels met los oortreksels in dieselfde kleur. 'n Groot oorgetrekte ottoman as koffietafel maak die ruimte knus en gesellig. Dit word aangevul met antieke Franse meubels.

**▸ RUG AAN RUG**
Teen die rugkant van hierdie einste bank is twee helderpienk salonstoele gerangskik met 'n hoë tafeltjie tussenin. Dit tel al die ander pienk aksente in die vertrek op.





**MOOI HOEKIE**
Geen spasie is onversierd gelaat nie. 'n Dooie area onder die trap is met antieke donkerhoutmeubels versier om te pas by die swart-en-wit vloerteëls. Kyk hoe slim is die spieël gehang.

Met eiendom in Hongkong, Frankryk, Kaapstad en Churchhaven aan die Weskus, is Mary Chase, haar man, Nigel Smith, en hul kinders, Harry en Sasha Chloe, regte wêreldburgers. Gevra waar sy eintlik vandaan kom, is haar antwoord dat sy van 'n ster afgeval het in Los Angeles, Amerika.

Mary, 'n interieurontwerper, het vir 24 jaar in Hongkong gewoon en in die vroeë 2000's het sy haar man, wat sy beskryf as 'n ware Britse heer wat al diep spore in die sakewêreld oor die wêreld heen getrap het, by 'n Afrika-temapartytjie ontmoet. Haar Afrika-verbintenis strek egter veel verder terug. In 1994 het sy deur Oos- en Suid-Afrika gereis en 'n diepe sielskonneksie met die kontinent gevoel, sê sy. Maar dit is veral Kaapstad wat haar hart verower het en haar toe al laat besef het dat sy eendag hier gaan woon.

Toe die wêreld in 2020 gaan stilstaan het weens die pandemie en die kinders se skole gesluit het, het hulle Hongkong vir Kaapstad verruil. Ten spyte van die angs en verwoesting van Covid, beskryf Mary hierdie jaar ook as een van hul gesin se gelukkigste. Saans het hulle temapartytjies en opvoerings gehou, tot laatnag speletjies gespeel en wonderlike geregte gekook. Hul gesin kon mekaar weer van voor af vind en ontdek, en sy kon haar tuin sonder onderbreking versorg en indrink.

Indien sy van al hul eiendomme net een kan kies wat haar absolute gunsteling is, sal dit hierdie Kaapse huis wees.

**▸ KUIERBIBLIOTEEK**

Die vertrek is ook 'n kantoor, 'n kroeg en 'n konsertsaal vir hul vermaak. Die boeke, wat opmekaar gestapel is, word met kuns, foto's en klein items gekombineer. Mary is veral mal oor die Russies gebore Suid-Afrikaanse skilder, Tretchikoff, en het 'n paar getekende afdrukke van sy werke in die vertrek. Afdrukke en ander produkte van sy skilderye kan by Concept Store (tretchikoff.business.site) gekoop word. In die venster is twee groen porselein-sytafeltjies, 'n geskenk van 'n vriendin, met eenderse Oosterse jadegroen pagoda-lanterns bo-op. Die silwerware is deel van haar uitgebreide versameling.






### ▲ HOOFSLAAPKAMER

Ook hier is 'n sagte palet en Mary het 'n klein private sitkamer ingerig waar sy soms lees. Die kamer loop uit op 'n private balkon met 'n buitebad. Die goud in die spieëls, kerskandelare en die ryk antieke meubels gee die slaapkamer 'n adellike gevoel.

### ▶ KRAG VAN WIT

Dis seker die een kleur waarvoor jy nooit sal moeg raak nie. 'n Spierwit slaapkamer lyk altyd vars en klassiek.



### ▶ WIT MET METAALKLEURE

**Regs bo** In hierdie en suite-badkamer tref die silwerkleurige bad en goue aksente die oog. Die groot laaikas is met hoëglansverf en goudkleurige knoppe afgewerk.

### ▶ MOOIMAAKPLEK

'n Halwe ovaal tafel en 'n groot bypassende spieël laat jou lus voel om daar en dan jou lippe rooi te maak. Dit is met 'n rooipienk Franse stoeltjie gekombineer.









▲ **KUNS VAN TAFELDEK**
Die gesin is mal oor onthaal en elke maaltyd is 'n okkasie. Tafels is altyd keurig gedek en Mary het 'n groot versameling breekgoed en linne. Sy weet net hoe om patroon en kleur te vermeng.

▶ **OP DIE STOEP**
Aandete word in die somermaande op hierdie beskutte stoep genuttig. Mary se groen vingers lok honderde voëltjies na die welige tuin en jy kan jou verluister aan hul aandsang.



**KOEL AF**
Weste ontmoet die Ooste. 'n Klein geruite parasol staan langs die sonsambreel, en die Indonesiese beeld het 'n rompie gekry. Die agterste beeld het vars vrugte op haar kop.





### ▲ WIT EN BLOU

Die kombuis skakel in by die dekor in die res van die huis. Dis groot genoeg om 'n ronde ontbyttafel te laat pas en soms eet hulle sommer aandete ook hier, altyd mooi gedek. Die wit-en-blou tema is tot in die spatbord agter die stoof herhaal. Daar is 'n aparte opwasarea en 'n spens.

### ▶ HEILSAME GROENTE

Die gesin leef gesond en hoofsaaklik organies. Die groentetuin is in gestapelde kratte aangeplant.





### ▲ SNOEIKUNS

Mary put baie plesier en inspirasie uit haar tuin. Dis 'n mengelmoes van struktuur en welige beddings. Die inheemse spekbome in die potte word weekliks met presisie gesnoei.

### ◀ BUITEBAD

Die buitebad op die balkon van die hoofslaapkamer bied algehele privaatheid terwyl daar oor die tuin uitgekyk word. 'n Afrika-stoeltjie bied staanplek vir kerse.

**AS JY HIER WIL OORBLY**

**PALM HOUSE**

SLAAPPLEK VIR 6

Besprekings en navrae:

Perfect Hideaways **021 790 0972 (kantoorure), 079 789 5459 (ná ure), perfecthideaways.co.za**





◀ Die ysbak en tang van geelkoper sal spoggerig lyk as jy weer onthaal (R1 380), **bespokehome.co.za**



# Die voorkoms

Ou reistrommels werk perfek as sy- of koffietafels en voer jou weg na verre lande. 'n Rangskikking van krismisrose in blou-en-wit porselein verklap ook iets van Mary Chase se gunstelinggoed. Sien bl. 116

**HOOFFOTO** HENRIQUE WILDING

▲ 'n Linnedoek met Delft-patrone kan gebruik word as tafeldoek of deken (R3 500 vir 'n doek van 3,5 meter), **shop.babylonstoren.com**



▲ 'n Trollie in die Art Deco-styl is gerieflik vir drankies of selfs in jou slaap- of badkamer (R2 799), **@home**



▲ Die wilgerpatroon-borde het 'n Kaapse kinkel (R300 vir klein en R400 vir groot), **chandlerhouse.co.za**



▶ Indiese dekens is heerlik koel om onder te slaap in die somer (R2 099), **yuppiechef.com**



◀ Versag die voorkoms van 'n vertrek met 'n luukse mat (vanaf R15 350, 170 x 240 cm), **veronicalidchi.co.za**



◀ Sit gemaklik in die elegante stoel (R6 999), **Coricraft**

Produkfoto's verskaf



Sien bl. 148



# ’n Plek soos geen ander

Tussen woude en riviere in die Natalse Middelland is die plaashuis tot boordens toe vol skatte van oor die wêreld en skaars plante ’n verrassing. Dit dateer uit 1887 en is met verloop van tyd tot hierdie eksotiese blyplek omskep

**FOTO’S** HENRIQUE WILDING



▲ **GELIEFDE DONKIES**
Skaars wit donkies met blou oë word op die plaas geteel, heel in pas met die res van die seldsame vondste en plante.



▲ **KOMBUIS-EETHOEK**
Een van die talle eethoeke in die huis. Op die agtergrond is die kook-area. Die 10-sitplek-metaaltafel is van Gregor Jenkin (gregorjenkin.com).





### ◂ SPEEL EN KUIER bl. 146

Die leefarea – of die speletjieskamer soos die eienaars, Sharon en Neville Trickett, daarna verwys – is een groot vertrek wat in klein sit- en eethoeke omskep is met die slim rangskikking van die meubels. Die glimmende groen marmer van die koffietafel is 'n los blad wat op 'n bestaande koffietafel geplaas is en 'n verskeidenheid speletjies is hierop uitgepak. Die ander meubels is antieke stukke wat hulle oor 'n tydperk van 40 jaar versamel het. Die ronde goudkleurige ottomans is in Marokko gekoop. Op die kleiner buffet is hul versameling amberkleurige blenkoglas uit die jare 60 en 70. Bo dit hang 'n treffende foto van die Nederlandse fotograaf Ruud van Empel.

### ▴ FUNKSIONELE ANTIEKE KAS

In nog 'n sit-area staan die pragtige Franse *armoire* wat pakplek is vir ekstra linne en tafeldoeke. Die geblomde meubels is om 'n kaggel gerangskik (sien bl. 153).

### ▸ NOG 'N EETHOEK

Naby die kaggel is 'n waardevolle ou tafel uit Indië met 'n marmerblad. Die Tricketts beskou etenstafels as 'n belangrike bymekaarkompleк waar elke maaltyd 'n fees kan wees en liefdesbande versterk word. Daar is talle besonderse kaste in die huis wat hulle in Parys, Frankryk, gekoop en na Suid-Afrika laat verskeep het om in hul destydse winkel te verkoop.

**Neville en Sharon Trickett het geen bekendstelling in die wêreld van ontwerp, mode, advertensiewese en dekor nodig nie. Dié twee sielsgenote, wat mekaar op kunsskool in Bulawayo, Zimbabwe, ontmoet het, is deesdae afgetree en woon op hul geliefde plaas Saint Verde in die KwaZulu-Natalse Middelland.**

Saint Verde, wat na die fiktiewe "Heilige van Groen" genoem is, is waar hulle hul twee kinders, Sara en Lex, grootgemaak het. Hier kan Neville peins en skep, en Sharon haar groot liefde vir plante uitleef – veral vetplante, 'n kleintydse belangstelling aangesien haar pa aalwyne versamel het. Sara, wat dié belangstelling deel, is die eienaar van Saint Verde Succulents. Lex, 'n grafiese ontwerper, het weer in sy pa se voetspore gevolg en is die mede-eienaar van Bubblegum Club, 'n kreatiewe agentskap, in Johannesburg.

Die eerste ding wat jou van die huis opval, is die glasvertrek wat deur hul vriend Peter Kennedy aangebou is. Dis gevul met skaars vetplante en tropiese plante en lei jou tot in die huis met die interessantste versamelings dekor en meubels. Die Tricketts het 'n onblusbare belangstelling in kuns, argitektuur, musiek, tuinmaak, kos, mode en ontwerp – en dit weerspieël in hul huis en tuin. Jy kan jou verkyk aan seldsame Japannese pottebakkerswerk, Deense emaljeware, godsdienstige ikonografie, gekleurde glas, Franse en Engelse meubels en nog vele meer, wat meestal op hul gereelde wêreldreise versamel is.

'n Paar jaar gelede het hulle besluit om die huis 'n bietjie te verander. Die binnemure is uitgeslaan om een groot leefarea te skep wat op die tuin uitloop. Die onderste vloer is nou die kombuis, 'n sitkamer en biblioteek, 'n slaapkamer en die allermooiste binnehof aan die agterkant van die huis. 'n Moderne swart trap lei na die ander slaapkamers. Hulle het ook 'n ontwerpateljee en stoorkamers gebou, 'n waterstelsel uit die damme op die plaas aangelê en kragopwekkers geïnstalleer.

Hulle deel die lowergroen werf met 'n paar honde en 'n troppie geliefde wit donkies wat deur Sharon geteel word.

**Besoek @trickster55 op Instagram**



**▸ GALERY**
Onder die trapskag is 'n klein galery ingerig met items en kuns wat vir hulle spesiale betekenis het – die groot groen bottels kom byvoorbeeld van Marokko. Die moderne staaltrap lei na die slaapkamers op die boonste vloer en op die agtergrond is die kombuis. Die klipmure is meestal wit geverf op die onderste verdieping, terwyl dit in van die slaapkamers in hul natuurlike vorm gelos is. Die vloere onder is nog oorspronklike leiklip.



**SKRYFHOEK**
In die hoofslaapkamer is 'n skryfhoek ingerig en langs dit staan 'n Franse laaikas met laaie van gedrukte metaal. Die wit vaas was 'n geskenk van die Nederlandse industriële ontwerper Hella Jongerius.



**WARM VUURTJIE**
Die houtstofie word gereeld aangesteek. Langwerpige teëls is in 'n visgraatpatroon gelê, wat ekstra tekstuur verskaf.



**◂ HOOFSLAAPKAMER** Die twee asemrowende antieke Franse beddens is 'n aanduiding van hoe ruim hierdie vertrek is. Die geelhoutvloere is met viniel bedek om dit teen die honde se skerp naels te beskerm en die ronde mat is van hertexhaus.co.za.





**◀◀ PATROON OP PATROON**
Die reghoekige blompatroonmat in die badkamer herhaal die ronde mat met blompatrone in een van die slaapkamers, en die groot spieël weerkaats lig in die vertrek.

**◀ INDIGO KAMER**
Die kamer se bed het 'n blou-en-wit deken afkomstig van Heartwear, 'n projek wat die tendensvoorspeller Li Edelkoort in die 1990's in die Wes-Afrika-land Benin begin het. Vakmanne daar skep indigo tekstiele geskik vir dekor en modehuise in die Weste.

**▼ EN SUITE**
**Links onder** Die hoofslaapkamer se badkamer is ruim genoeg dat 'n pootjiesbad in die middel van die vertrek kan staan. Kunswerke is op 'n smal lys uitgestal.

**▼ ATMOSFERIES**
Die sinkdak in die hoofslaapkamer en badkamer dra by tot die plaashuisgevoel.









### ◀ ▼ SHARON SE HEILIGDOM

**Links** In die glasvertrek word graag gekuier en geëet. Omring deur soveel eksotiese plante weet jy letterlik nie waar om te kyk nie.

**Onder** Die egpaar het al die komponente vir die bou van die glasvertrek gekoop en hul vriend Peter Kennedy het dit gebou. Hulle versamel die indrukwekkende dakligte wat uit openbare skole in Amerika kom. Die draadstoele is een van Sharon se ontwerpe wat vir haar destydse winkel gemaak is. ◘

### AS JY HIER WIL OORBLY

**SAINT VERDE**

SLAAPPLEK VIR 8

**Besprekings en navrae:**

Perfect Hideaways **021 790 0972 (kantoorure), 079 789 5459 (ná ure), perfecthideaways.co.za**

### ▲ KAS VAN VELE GEDAANTES

Die kas is een van die Tricketts se gunstelingbesittings en is al as 'n biblioteekkas tot 'n kroeg ingespan. Die gedrukte tin van die laaie wat gebruik is om die kas se voorkoms te verander, het hulle in Brooklyn, New York, gekoop. Die area loop uit op een van die vele stoepe om die huis.

### ▶ BUITE-AANSIG

Die huis van voor met die groen luike oopgegooi. Op die stoep staan potte vol van Sharon se plante.







◀ Die sytafel is beskikbaar in twee groottes (medium – R1 699, groot – R2 299), **Woolworths**

▼ Kry jou eie unieke terrarium met plante (klein – R1 350, medium – R1 950, groot – R3 750), **anea.co.za**



# Die voorkoms

In die deel wat die glasvertrek met die huis verbind, het die Tricketts van Saint Verde 'n uitstalling gemaak van seldsame en eksotiese vetplante wat hulle versamel. Marokkaanse vloerteëls dra by tot die eksotiese voorkoms. Sien bl. 146

**HOOFFOTO** HENRIQUE WILDING








▶ 'n Leerpoef is nuttig as ekstra sitplek (R2 500), **moroccanwarehouse.com**





▶ Lê 'n besonderse vloer met handgemaakte Marokkaanse teëls (R950 per $m^2$, BTW uitgesluit), **moroccanwarehouse.com**



▲ Oorgroot blompatrone in sagte kleure versier dié Camille in Maple-mat (R6 100, 160 x 230 cm), **Haus vir Hertex**

▲ Verkry ouwêreldse glans met so 'n fluweelstoel (R12 995), **Block & Chisel**

▲ Kunstige sout- en peperpotte sal almal aan die tafel laat praat (prys op aanvraag), **ardmore.co.za**

Produkfoto's verskaf






# Europa in die Overberg

**Die huise by Coot Club naby Stanford kon netsowel aan die Skotse kus of op die wal van 'n Noorweegse fjord wees. Die natuurskoon slaan jou asem weg en die mengsel van eg SA dekor en Skandinawiese eenvoud sal jou bekoor**

FOTO'S HENRIQUE WILDING





**◀ SKRYF- OF WERKPLEK**
Elke boshuis het sy eie naam en dié een heet Starboard. Die klein skryfhoekie se verweerde tafel skep 'n mooi kontras met die rooiglans-buighoutstoel. Die geraamde prent herinner jou jy's naby water en die tolbos dat die natuur net 'n armlengte weg is. Die houtpaneelwerk gee 'n unieke atmosfeer aan die huis.

**Net buite die pragtige Overbergse dorpie Stanford is Coot Club, 'n handvol historiese klipkothuise en kontemporêre boothuise, geleë in 'n private natuurreservaat van sowat 464 hektaar.**

Een van die medestigters vertel die idee vir die ontwikkeling het ontstaan toe hy by geleentheid onder die eeue-oue melkhoutbome gestaan het. Die glinsterende Kleinrivier-strandmeer was voor hom met Maanschijnkop op die agtergrond, en hy wou dit laat behoue bly vir toekomstige generasies. Coot Club moes 'n plek wees waar vriende en familie in die natuur kon saamkom, mooi herinneringe gemaak en nuwe vriendskappe gesmee word, en jy van nuuts af besef dis die klein dinge in die lewe wat saakmaak.

Met die hulp van die argitekte Jed en Jello Kritzinger het hulle hierdie besonderse verblyf – verskillende grootte huise, elkeen goed toegerus met eietydse en blouwitte dekor – ontwerp. Die talentvolle ontwerpspan Dominic Touwen en Camilla Fraser is gevra om die interieur te behartig. Nie een plek lyk dieselfde nie, maar elkeen voel ewe huislik, persoonlik en warm.

Coot Club het ook 'n interessante geskiedenis. Die klubhuis, in die volksmond die Spookhuis, is een van die bekende historiese landmerke van die omgewing. Die plaashuis is in 1892 gebou met sandsteen wat op die plaas gemyn is. Die loodswaar blokke is met ossewaens aangery en opmekaar gestapel – drie verdiepings hoog. Henrietta Poole het die plaas van haar ma, Agnes Stroud, geërf, maar nadat haar man en ma oorlede is, was dit te eensaam vir haar. Een nag het sy die plaas verlaat, met 'n siek kind op die een arm en 'n kosbare mat oor die ander. Volgens oorlewering kon jy jare later vir Agnes onder die melkhoutbome sien sit en wag dat Henrietta moet terugkom.

Die huis het van tyd tot tyd leeggestaan, verval geraak en onder vandale deurgeloop – totdat 'n Amerikaanse familie dit gekoop en gerestoureer het. Iets waarvoor die huidige eienaars dankbaar is, want hulle kon voortbou en verfyn hierop. Nou is dit Coot Club se gewilde klubhuis waar gaste by die restaurant kan eet of iets in die kroeg drink. Daar is ook 'n ruim sitkamer op die eerste vloer, en hoërop is 'n groot speletjieskamer vir die kinders, met boeke, 'n biljarttafel, Lego en nog meer. (Dis nou as jy die kinders kan weglok van die strandmeer.)

Vanaf die klubhuis loop kronkelpaadjies tussen die huise, met genoeg wildlewe wat jou gereeld laat stilstaan. Die oord is deel van die Walker Bay-natuurgebied en verskillende inheemse voëlspesies en klein wild soos bokkies, skilpaaie en ystervarke is te sien. Selfs 'n rooikat as jy gelukkig is.

Hier ry jy weg met 'n siel verkwik deur die natuur en hope dekor-inspirasie.

@camillafraser, @dominictouwen




**IN DIE KLUBHUIS**
Die kaart van die Kleinrivier-bootklub het 'n ereplek in die mooi ou klubhuis. Dit hang bo 'n antieke tafel en die groot rottangmandjie op die vloer is bêreplek vir los goed. Baie van die vintage meubels is op Instagram gekoop. Die mat van natuurlike vesel (van Coirtex) tel die tekstuur van die rottangmandjies op. Die vlag en roeispaan trek die vlootvoorkoms deur.





**▲ STUURBOORD**
Vir die kombuis in Starboard is 'n sonnige geel gekies, met aksente van geel en blou wat regdeur die huis gebruik is. Die roomwit paneelwerk tel die geel van die kaste op, wat dit 'n warm gloed gee. 'n Oop weestrak maak dit huislik en gemaklike rottangstoele is om die eettafel gerangskik. Die ligte is van eightdegreessouth.com.

**▶ WINTER EN SOMER**
Elke seisoen het sy eie bekoring as jy hier oorbly. In die warm maande kan jy meer as die son en see geniet, en in die winter die hitte van die stoof en 'n storieboek saam met die kalmerende klanke van die natuur om jou. Die geraamde vlae tel die kleure en tema van die huis op.



### VIR DIE KINDERS

In die kinderkamer is geen onnodige ruimte vermors nie, want die jongspan verkies om buite te baljaar. Die tema is blou met tikkies rooi. 'n Pragtige natuurprent (lisastrachan.com) hou hulle saans besig tot hul oë toeval.



### ▲ NATUUR BINNE EN BUITE

Die hoofslaapkamer van Starboard is net so mooi soos die natuur buite. 'n Matrastrasp-deken steek treffend af teen die wit beddegoed en geel kussings. 'n Pragtige geraamde prent van meerblomme (ook bloedlelies genoem) deur Lisa Strachan (lisastrachan.com) en 'n seevoëlbord van Gemma Orkin (@gemmaorkinceramics) versier die mure. 'n Ou glasbottel is omskep in 'n tafellamp met 'n geplooide lampskerm van Camilla Fraser.



### ◀ MÔRESTOND

In die twee ander boothuise is die slaapkamers ewe mooi. Pastel- en keramiekwerk, besondere kuns en geraamde vlae is deurgaans gebruik. Sagte beligting soos ingeboude bedlampies of antieke tafellampe het aandag geniet. Maar die beste is die groot skuifdeure wat jou nie net die uitsig laat geniet nie, maar ook die see en veld laat inkom.






◂ **KLEIN LUUKSHEDE**
Die badkamers het ruim wasbakke en groot spieëls en die handdoeke is van Mungo (mungo.co.za). Die wasbak is van Victorian Bathrooms.

▾ **EKO-BOUSTYL**
Links onder Die boothuise se vertrekke is met kort gange verbind en met die eerste oogopslag lyk dit soos meer as een klein huis teen mekaar.

▾ **STORT BUITE**
Van die klipkothuise het 'n buitestort.







▴ **DIE KLUBHUIS**
Wat eens bekend gestaan het as die Spookhuis, is nou 'n gewilde bymekaarkomplek vir almal wat hier kom oorbly.

◂ **STAP VIR URE**
Die lang wit strande nooi jou om laat en ver langs die see te gaan stap. ◻

**AS JY HIER WIL OORBLY**
**STARBOARD BY COOT CLUB**
**SLAAPPLEK VIR 6**
Besprekings en navrae:
Perfect Hideaways 021 790 0972 (kantoorure),
079 789 8460 (na ure), perfecthideaways.co.za



▲ Gedrukte afdrukke van Lise Strauss se kunswerke is in verskillende groottes beskikbaar (vanaf R740, ongeraam), [illegible]



◀ Die bleshe-lampskerm is in verskillende groottes te kry (R2 277,50 vir een van 80 cm in deursnee), eightdegreessouth.com



# Die voorkoms

Een van die oudste en doeltreffendste vorms van verhitting is 'n losstaande stofie. As dit op 'n houtvloer en teen 'n houtmuur staan, plaas dit op iets vuurvas soos 'n stuk graniet en doen dieselfde teen die muur. Sien Coot Club op bl. 162

**HOOFFOTO** HENRIQUE WILDING



▲ 'n Basotho-handgeweefde ovaal raam vir die spieël (R2 424), [illegible]



▲ Die rusbank bestaan uit verskillende eenhede (R43 999), Coricraft



▲ Die geweefde piekniekmandjie het ook plek vir bottels (R620), [illegible]

▼ Genera Orkin se borde is enig in hul soort (vanaf R1 000), [illegible]





◀ Gestreepte kussings is vrolik en kleurvol (R795 per stuk), [illegible]

Produksie [illegible]


Sien bl. 176




# Jou 'eie' eiland

**Aan die punt van Mosambiek se San Sebastian-skiereiland is die strand ongerep, die plantegroei welig en die natuurlewe oorvloedig. Huis Marapi is 'n mengsel van rustieke Oos-Afrika-onskuld, maar het ook 'n gevoel van iets vorsteliks**

FOTO'S LOUELLE VAN DYK



▲ **KUIFKOP**
Die informele boustyl van die huise, met grasdakke wat lyk asof die kuif 'n knip nodig het, skep dadelik 'n ontspanne atmosfeer. Swart traliewerk is oral gebruik.



▲ **ROMANTIESE KAAI**
Namiddae kan jy hier kom sit om die sonsondergang dop te hou.

Huis Marapi is een van vyf wat aan die punt van dié skiereiland gebou is, maar dis so afgesonder, dit voel asof jy die hele eiland vir jouself het.


Soos jy wel kan voel om te gaan inloer by die bure, verbind houtpaadjies die wonings. Aangrensend tot die Vilanculos-kusbewaargebied met van die rykste biodiversiteit in Mosambiek, word jy omring met glashelder water, en palm- en mangobome waarin voëls en apies bedrywig baljaar. Die naaste groot dorp is Vilanculos, met 'n lughawe wat jy binne twee uur van Johannesburg kan bereik, maar as jy eers hier is, sal stokke en swaarde jou nie weer wegkry nie.

Die boustyl is outentiek, met grasdakke wat lyk asof die kuif 'n knip nodig het, maar juis dít verskaf ongewone sjarme en koelte aan elke huis of lapa. Growwe klip, gepoleerde sement en hout is die ruggraat van die boustyl. Elke huis is oopplan met die fokus om na buite te lewe, en dit het luukse binne- en buite-badgeriewe asook 'n klein beslote swembad.

Vir die dekor het die eienaars op aardse kleure soos gebleikte hout en linne besluit, wat in die leef- en buite-areas opgehelder word met kleure soos oker, kobaltblou, koraalrooi en heidergroen. Die slaapkamers se kleure is beperk tot seeblou en wit. Graslampskerms, doeke, seegrasmatte en biesiemandjies bevestig subtiel die Afrika-invloed.

Die buite-areas het ewe veel aandag gekry met lang houtdekke versier met swart bollewerk, en lêbeddens en leunstoele is om die huis en swembad gerangskik. Vir voëlkykers is dit 'n paradys met tot 300 geraamde soorte wat hier te sien is. Die meer aktiewes kan vir ure op die wit strande stap, snorkel saam met die visse en gaan roei. En namiddae sit en wag jy vir die son om die bosse te kom beskilder.

'n Ware kaalvoet-paradys.



◀ **SKEMERTJIE BLOU** bl. 174

Die sitkamer se kleurskema is kobaltblou en turkoois met tikkies lemmetjiegroen. Dit word gekombineer met die aardse kleure van die grasmat, meubels en tafellampe. Die blou met trek die hele voorkoms saam.

▲ **KOEL AF**

Jy kan ontspan op die strand of langs die swembad, wat in die houtdek ingebou is. Die lapa se dak is in 'n golfpatroon gekap.

▶ **SOETE NAGRUS**

Die koel, kalm waterkleure en wit beddegoed van die slaapkamer sus jou aan die slaap. Die muskietnet is nie net prakties nie, maar gee ook 'n dromerige gevoel. Soos die meeste van die vertrekke, loop die kamer uit op die houtdek.







## KOEL STOEP

**Links bo** Die stoep word heeljaar benut en traliewerk sorg dat jonger kinders veilig kan speel. Dis gemaklik ingerig met rottang en hout en ook hier is helder kleure vir van die kussings en stoffering gebruik. Die koffietafel is van 'n ou deur gemaak.

## RESPEK VIR DIE NATUUR

**Links onder** Die buite-areas is net so goed soos die binnekant van die huis ingerig. Die natuur is nie versteur nie en daar is rondom die boom gebou, wat natuurlike skadu bied. Kleure van sand en see is ook hier gekies. Soortgelyke dagbeddens is beskikbaar by winkels met Indonesiese meubels.

## VAAR SAAM

As jy lus voel vir 'n bootvaart, sal jy van hierdie kaai af vertrek.





**LANG TAFEL**
Baie etes word op die dek geniet en daar word gewoonlik met kleurvolle doeke en breekgoed gedek. Dubbele deure en houtluike maak oop na die buite-area.



**GEMAK EERSTE**
Die leerrusbanke is groot genoeg vir 'n middagslapie. 'n Groot grasmat versag die afgevlakte sementvloer en 'n groot tafellamp sorg vir sagte beligting. Die houtbasis van die lamp is handgekerf en die skerm van raffia.



**BADTYD**
Die nis en hanglig in die badkamer is 'n duidelike Marokkaanse invloed. Daarby is die tweelingwasbakke luuks en prakties. Rakke van afgevlakte sement versteek loodgieterpype en bied pakplek vir badgoed.

**▸ VERSKEIDENHEID**
Bo die eetkamer-etenstafel is verskillende graslampskerms gehang wat pas by die houttafel en -stoele.

**▾ MIDDAGSLAPIE**
Met genoeg buitestoele kan jy kies waar jy jouself wil tuismaak. Hier kan jy 'n lekker boek lees en tussendeur dut. □

**AS JY HIER WIL OORBLY**
HUIS MASAPI
SLAAPPLEK VIR 10
Besprekings en navrae:
Perfect Hideaways 021 790 0972 (kantoorure), 079 799 8489 (ná ure), perfecthideaways.co.za







▼ Die renosterkop, gemaak van draad en kleurryke seiljagtou, is 'n ware kunswerk (R4 900), africancreativeshop.com



▼ Die tafellamp se voetstuk én skerm is van natuurlike plantmateriaal (R1 640), eightdegreessouth.com

# Die voorkoms

Marapi is geleë in 'n streek waar die klimaat jou toelaat om heeljaar buite te eet, daarom is dit die moeite werd om 'n permanente eetarea met 'n stewige etenstafel en stoele op die stoep in te rig. Voeg 'n bietjie romanse by met 'n kroonkandelaar vir wanneer die son sak. Sien bl. 174

**HOOFFOTO** LOUZELLE VAN DYK



Produksie [illegible]



◀ Rou linne met 'n skulpontwerp maak 'n besonderse kussing (R850, 60 x 60 cm), [illegible]



▲ 'n Chesterfield-leerbank is tydloos en klassiek (vanaf R28 900), [illegible]



Bêre ekstra linne in die kis en benut dit ook as 'n koffietafel (R5 995), Block & Chisel



▲ Mosambiek se vroue is meesters op die gebied van mandjie-vlegwerk (pryse op gelang van tipe mandjie), [illegible]

▶ Bring kleur in met 'n mat van polipropileen wat [illegible] (R[illegible], 120 x 180 cm), [illegible]



# THE PERFECT ESCAPE

Finding dream homes year in and year out for almost 20 years has put Perfect Hideaways well and truly ahead of the game. 'The idea was planted when we were looking for a weekend house for our then young family,' explains Helen Untiedt, co-founder and curator. 'The more we looked, the more we realised that the idea of a holiday home means different things to different people, and that every space has its own story to tell.'

It became a passion project for Helen and her husband David. 'We were obsessed with finding more examples of spaces where the marriage of good design, personal interiors, a curated experience and an incredible location transformed the ordinary into something extraordinary.' Before they knew it, their curiosity for homes that offer remarkable experiences became a business. 'We didn't set out to do this, but our wanderlust and joy in finding places that hold a palpable magic is what drives us,' says Helen. 'We love what we do and we do what we love – the Japanese call it *ikigai*, a passion that brings you purpose. It gets us up in the morning!'

The common thread in every home they felt drawn to was the human experience it offered. 'The places we love make life feel better because they have been created with love, curated for comfort and designed as a canvas upon which to create rituals, make memories and find much-needed quiet time in the most sublime settings,' Helen enthuses. Now with over 300 extraordinary holiday escapes on their books, Perfect Hideaways has honed their recipe for success. They're known for pioneering a collection of off-grid houses in Churchhaven on the West Coast (long before 'loadshedding' even existed) and were the first to bravely market the most remote escapes in the Karoo, embracing all the challenges of climate change along the way.

It is no surprise that Perfect Hideaways is now expanding its horizons. Knowing that the best overseas holidays are those where a knowledgeable team has already completed the groundwork, they launched their Mauritian portfolio earlier this year, along with their Italian collection – starting with Puglia, but soon to include Tuscany and Umbria. The sun-drenched islands of Greece and the Maldives are hot on their heels, after a summer spent sleuthing for the most gorgeous properties. On some days, her team will agree that this is the best job in the world. On others, it's the behind-the-scenes reality of never stopping until the most beautiful house in the land is found, no matter how many miles of dusty roads need to be travelled or how many messages it takes to meet an owner and experience their world.

In November, Perfect Hideaways will launch their third book featuring South African homes that reflect the values, dreams and aspirations of their owners and that have been personally vetted by the Perfect Hideaways team. Every one of these homes is grounded in a sense of place that will touch you physically, emotionally and spiritually, for each home has an indefinable *genius loci* that sets it apart. Each home is best described as an ever-changing story to which we can add our own particular and personal ending. Lived in, loved, well-adjusted homes – this is what Perfect Hideaways offers and what sets it apart.

• *Perfect Hideaways Book 3* will be available in November from all good bookstores.



**Helen and David Untiedt**

**CONTACT PERFECT HIDEAWAYS ON 021 790 0972 OR INFO@PERFECTHIDEAWAYS.CO.ZA.**















Sien bl. 190



# Prins van die Karoo

In 'n stil straat op die pragtige Prins Albert staan die spierwit Victoriaanse huis jou en inwag. 'n Tikkie Kaaps-Hollands, 'n bietjie Oosterse zen en polsende New York is hier naatloos vermeng vir 'n prinslike gevoel

**FOTO'S** PERFECT HIDEAWAYS



**▲ TEETYD**
'n Groot versameling Oosterse breekgoed maak van elke teetyd 'n geleentheid.



**▲ WITTER AS SNEEU**
De Kleine Prince is van nok tot fondasie wit geverf, wat dit mooi laat uitstaan teen die blou Karoo-hemel en die groen tuin.



◂ **WELKOM** bl. 188
Die oorspronklike voordeur met sy gebrandskilderde venster swaai oop op 'n modern gemeubileerde voorportaal. Die wit plankvloere dra by tot die skoon, oop gevoel van die huis.

## EKLEKTIES EN UNIEK

Eienaar Adrian Lombard het die meeste van die meubels in die huis ontwerp en laat maak. Besonderse bekleding soos blou blompatrone word met geelgroen geometriese en botaniese motiewe in die sitkamer vermeng. Die lang doelgemaakte dientafel, wat in 'n komvenster staan, trek dadelik die aandag. 'n Stadskim is op die voorkant uitgekerf. Bo-op staan van die pragtige blou-en-wit porselein wat hy oor die jare versamel het.

**Adrian Lombard, eienaar van De Kleine Prince, vertel hy het van altyd af 'n sagte plek vir die Karoo gehad. Toe sien hy in 2016 op vakansie in Prins Albert 'n verwaarloosde Victoriaanse huis, wat uit 1913 dateer, met 'n te koop-bordjie aan die voorhek.**

Die eiendom was reeds lank op die mark en die prys maar hoog. Die huis het hom gekies, sê Adrian, nie hy die huis nie. Hy het die potensiaal raakgesien en so het sy liefde-haat-verhouding met die projek begin.

Hy vertel daar was ontsettend baie hekkies om oor te spring voordat hy kon begin bou en breek, aangesien dit 'n Erfenishuis is en hy die goedkeuring van twee Erfenisrade moes kry. Hoewel die proses teen 'n stadige pas beweeg het, dit het vyf jaar geduur, was sy visie oor wat hy met die huis wou doen glashelder. Die wonderlike lig van die Karoo moes 'n hoofrol speel, spasies moes van een wêreld na 'n ander vloei, en alles moes hul eie ritme vind. Hy het baie maande in elke seisoen hier kom deurbring sodat idees kon vorm en hervorm totdat hy die perfekte konsep kon begin uitleef.

Buiten die oorspronklike Victoriaanse huis, is daar nog aparte verblyf op die erf, elkeen met sy eie unieke karakter en dekorstyl. En natuurlik is daar 'n diep stoep en verskeie lieflike areas vir buite kuier, soos die zen-tuin.

Hy beskryf die eiendom as 'n kontemporêre plaashuis en industriële Karoo-styl wat ontmoet. Oor die vyf jaar is sowat 200 doelgemaakte items en meubels vir die huise ontwerp en amper 1 000 liter wit verf is gebruik om die projek te voltooi.

Adrian pendel tussen Prins Albert, Stilbaai en Johannesburg, en reis ook dikwels oorsee, maar vir hom is dit die lekkerste en beste tuiskoms as hy na De Kleine Prince terugkeer.

Daar is geen twyfel dat Prins Albert een van die mooiste Karoo-dorpe is nie. Nou kan dit ook spog met een van die mooiste huise op die dorp.

**BOEKWURM**

Die slaapkamer van die Pool House is hemel vir diegene wat graag lees. 'n Doelgemaakte boekrak beslaan die een muur en die boeke is smaakvol volgens kleure gerangskik. 'n Slim dekor-speling is die voetenent-bankie wat met stoffering met woorde beklee is. Die oorgroot linne-bedkopstuk tel die aardse kleure van die bedkassie en houtbankie op, terwyl die moderne laslapdeken weer die patrone van die gerangskikte boeke eggo.










▲ **HOEK TOT KANT**
Die eetkamer se fokuspunt is beslis hierdie groen kas met sy breekgoed en gevulde flesse.

▶ **KUIERKOMBUIS**
Vriende en gaste is mal daaroor om hier te eet en kuier. Tien mense kan met gemak om die tafel pas en die kok is altyd deel van die geselskap. Die liggroen stoele en mat lyk winter en somer ewe mooi by die donker vloer en kombuiskaste. Die mure is smaraggroen geverf.

▶▶ **PLEK VIR PLANTE**
Oral in die huis is plante as ’n dekor-element gebruik, soos in dié kuierhoekie. Hier werk dit veral goed saam met die swart-en-grys elemente.







**◄◄ SPOGTUIN**
Die tuin het netsoveel aandag soos die huis gekry en ook hier is verskillende style vermeng, soos 'n zen-tuin teenoor 'n gemanikuurde een. Daar is lae muurtjies waarop jy langs die water kan sit, fonteine wat kalmte verskaf, heinings van spekbome en welriekende sterjasmyn wat mildelik rank en groei.

**▲ INTERESSANTE INSTALLASIE**
In die Pool House se badkamer is 'n besonderse plant-installasie opgerig om privaatheid te skep. Verskillende rankplante is in terracotta-houers geplant en die swart ysterstellasie is spesiaal hiervoor ontwerp.

**◄ VROLIKE ROOI**
Die Pool House se knus kombuis en eet-area is opgehelder met spatsels rooi soos die stoele en kombuisgoed.

**AS JY HIER WIL OORBLY**
**DE KLEINE PRINCE**
SLAAPPLEK VIR 10
Besprekings en navrae:
Perfect Hideaways **021 790 0972 (kantoorure), 079 789 5459 (ná ure), perfecthideaways.co.za**





◀ 'n Onewe, handgemaakte voorkoms maak die kershouer uniek (R620), **jennyrobert.co.za**

▲ Bring subtiel patroon in met 'n mat van natuurlike vesel (R4 900, 170 x 240 cm, groter matte ook beskikbaar), **Incanda**

# Die voorkoms



Met 'n vertikale kombuistuin is al die kruie sommer byderhand met kooktyd. In die een kombuisvenster van De Kleine Prince is 'n paar stewige rakke geïnstalleer waarop kruiepotte naby aan die lig staan. Sien bl. 188

▲ Die gemmerpot kan ook as blompot ingespan word (R715), **thehomequarter.co.za**

**HOOFFOTO** PERFECT HIDEAWAYS





◀ 'n Kombuis in 'n kas op wiele is die antwoord vir 'n klein ruimte (vanaf R31 456, BTW uitgesluit, Concept-reeks), **milestonekitchens.co.za**



◀ Gee energie aan 'n vaal vertrek met die kussing met sy sigsag-patroon (R145, slegs sloop), **roomservicehomeware.co.za**



▶ Die stewige laaikas van soliede hout (L 51 x D 53 x H 99 cm) het baie pakplek (R5 099), **iconomyonline.com**



◀ Swart is altyd stylvol, ook in grys beskikbaar (R9 400), **jennyrobert.co.za**

Produkfoto's verskaf